

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 12-16 JANUARIE 2009

Tabel 1: Kern Markaanwysers

	Week geëindig 9 Januarie 2009	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	22224	+456(+2.10%)	Verhoog
Nywerheidsindeks	21638	+231 (+1.08%)	Verhoog
Goudindeks	2236	-42(-1.84%)	Volatiel
Finansiële Indeks	16297	+650 (+4.15%)	Volatiel
Rand/\$	R9.66/\$	+R0.63 (+3.81%)	R9.50-9.70/\$
Goudprys	\$847	-\$27 (-3.12%)	\$830- \$870
Dow Jones	8599	-435 (-4.82%)	Volatiel
Nikkei	8837	-23 (-0.26%)	Volatiel
FTSE-100	4449	-113 (-2.48%)	Volatiel
Hang Seng	14377	-665 (-4.42%)	Volatiel
SA Eiendomsindeks	311	-1 (-0.32%)	Verhoog
Kapitaalmark (ALBI)	295330	-6669(-2.21%)	Verlaag

Meer van dieselfde? Wêreld finansiële markte het voortgegaan met hul volatiliteit van verlede jaar, aangesien die negatiewe sentiment van resessies en werksverliese in die groot ekonomieë weereens 'n afwaartse neiging in aandeelpryse tot gevolg gehad het. Die nuus van nog 500 000 werksverliese in die VSA gedurende Desember en dat soveel as 10 miljoen Amerikaners hierdie jaar werkloos kan wees, het aandeelmarkte aan die einde van verlede week benadeel. Die Dow Jones nywerheidsgemiddelde indeks het gedurende die week 4235 punte of 4.82% verloor. Ten spyte van die verlaging van rentekoerse tot die laagste vlak in 300 jaar deur die Bank van Engeland, het die FTSE in Londen vir die week steeds 113 punte of 2.48% verloor.

Op die JSE het aandeelpryse in die teenoorgestelde rigting as internasionale beurse beweeg. Kommoditeitspryse, alhoewel volatiel, is besig om opwaarts te beweeg, met platinum wat weer deur die \$1000 vlak gebreek het. Verwagtings vir veel hoër vlakke vir goud en platinum het hulpbron aandeelpryse sedert die begin van die jaar verhoog. Die hulpbron 20 indeks het reeds 2341 punte of 6.08% gewen vanaf die openingsvlak op 2 Januarie. Hulpbron 'blue-chip' aandele, soos BHP Billiton, het reeds vir die jaar met 5.53% toegeneem, Anglo American met 5.35% en SASOL met 11.6%. Terselfdertyd, gegewe die lae prys/verdienste verhouding van finansiële aandele, voorsien die vooruitsigte van verdere rentekoersverlagings positiewe sentiment aan bankaandele. Die finansiële indeks het met meer as 4% verlede week gestyg en die bankindeks het met 2.8% gestyg. Die genoteerde kommersiële eiendom het geen groei getoon nie, met die SA eiendomsindeks wat 1 punt of 'n skamele 0.32% verloor het. Die indeks het reeds 27.46% groei getoon sedert 27 Oktober 2008. Op die effektemark het die swakker rand verlede week bygedra tot 'n verlies van 2.21% (daling in die Alle-Effekte Indeks –ALBI).



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za


Bladsy 1 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Figuur 1: Die JSE ALSI – sal die herstel voortduur?



Ten spyte van negatiewe vooruitsigte vir internasionale ekonomieë, is daar steeds optimisme dat die Suid-Afrikaanse ekonomie die resessie moeilikhede kan weerstaan. Kern ekonomiese gebeure oor die volgende maand mag tot 'n sterk herstel in die Suid-Afrikaanse finansiële markte lei:

- Die inflasiedata vir Desember wat aan die einde van die maand aangekondig word, word verwag om 'n skerp daling in die inflasiekoers tot minder as 10% te toon, met 'n vooruitsig van verdere skerp dalings in die komende maande.
- Dit word ook verwag dat die brandstofprys nog verder kan daal met 20 tot 50 sent per liter aan die begin van Februarie. Dit sal beslis help om die inflasiekoers binne die volgende ses maande vinnig af te bring na die 6% vlak.
- Die uitwerking van die nuwe inflasiemandjie (wat in Januarie geïmplementeer word) op die algehele inflasie en dus rentekoerse.
- Die Monetêre Beleidskomitee kan met hul volgende vergadering aan die begin van Februarie die repokoers met 'n verdere 0.5% verlaag.
- Die Minister van Finansies mag 'n ekonomiese stimulasiepakket aankondig tydens sy begrotingsrede middel Februarie.

Daar sal hierdie week gefokus word op die vrystelling van SABEK se Sakevertroue-Indeks sowel as op Investec se Purchases Managers Index (PMI). Dit word verwag dat beide aanwysers verbeter het, as gevolg van die verlaging in brandstofpryse en in rentekoerse. Daarom verwag ons dat aandelemarkte positief sal reageer op hierdie nuus. Internasionaal sowel as plaaslike aandelemarkte sal ook op ongeveer al die data reageer wat vir die VSA vrygestel gaan word (sien Tabel 2). Die uitwerking hiervan op internasionale sentiment sal kommoditeitspryse, internasionale koop en verkoop van SA aandele en dus die rand wisselkoers beïnvloed. Ons glo dat die data tot gemengde



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 2 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word angaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

resultate en dus onsekerheid sal lei, en daarom verwag ons dat internasionale aandeelmarkte weer volatiliteit sal toon.

Tabel 2: Vrystellingskediule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Aanwyser	Periode	Verwag	Vorige
Jan 13	RSA	SABEK Sakevertroue	Des	87.5	86.7
Jan 13	VSA	Handelsbalans	Nov	-\$52bn	-\$57.2bn
Jan 13	VSA	Tesouriebegroting	Des	-\$32bn	\$48.3bn
Jan 14	VSA	Kleinhandelsverkope	Des	-1.3%	-1.8%
Jan 14	VSA	Kleinhandelsverkope uitsl. motorverkope	Des	-1.2%	-1.6%
Jan 14	RSA	Sakevoorrade	Des	-0.6%	-0.6%
Jan 15	RSA	Mynproduksie en Verkope (Fisiese Produksie)	Nov	4.5%	3.5%
Jan 15	RSA	Investec PMI	Des	42.5	39.5
Jan 15	VSA	Produsente Prys Indeks	Des	-1.9%	-2.2%
Jan 15	VSA	Produsente Pryse	Des		0.4%
Jan 15	VSA	Empire State Index	Jan	-24	-2.57
Jan 15	VSA	Weeklikse Werkloosheidseise	Jan		
Jan 15	VSA	Philadelphia Fed Index	Jan	-34.5	-32.9
Jan 16	VSA	Verbruikersprys Indeks	Des	-0.9%	-1.7%
Jan 16	VSA	Verbruikersprys Indeks	Des		1.1%
Jan 16	VSA	Nywerheidsproduksie	Des	0.8%	-0.6%
Jan 16	VSA	Kapasiteitsbesetting	Des	74.7%	75.4%

Prof Chris Harmse
12 Januarie 2009

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandeelpryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsebeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 3 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.